N.G. Kerk ~ Evander

AKTE VAN OPSKORTING VAN DIE KERKVERBAND met die ALGEMENE SINODE, HOËVELD SINODE en die RING VAN EVANDER IN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Alle *belydende lidmate* of *lidmate wat* ***openbare belydenis van geloof*** | *die roetemerker van* ***verbintenis*** van die NG Kerk aflê, se ***belydenis van geloof*** (soos kerkraadslede se ***bevestigingsbeloftes*** en leraars se ***legitimasieverklarings***), bely en bevestig dat hulle **lidmate van die NG Kerk** is in hulle gemeente onder die toesig van dáárdie gemeente . . . wat volledig kerk is.

Openbare belydenis van geloof | ***verbintenis***, ná goeie onderrig in die *Skrif* en die *gereformeerde belydenisskrifte* geskied as *'n gelofte teenoor God* voor sy gemeente. ***Daarmee bely en belooof jy*** dat –

* **jy glo dat die *leer* soos vervat *in* die Ou-en Nuwe Testament van *die Bybel* en *in die belydenisskrifte van ons kerk* en in die plaaslike gemeente geleer word, *die ware en volkome leer van die verlossing is*.**
* ***jy belooof om*** **as lidmaat van die gemeente van Christus deur sy genade *in die belydenis van dié leer* *tot aan die einde van jou lewe* *te volhard* en *alle leringe* *wat daarvan afwyk*, *te verwerp*.**
* **jy bely dat die Here Jesus Christus jou persoonlike Verlosser is en dat jy Hom liefhet.**
* **jy belooof om Hom te dien, sy Naam getrou te bely voor mense en aktief aan die werksaamhede van die kerk deel te neem.**
* ***jy aanvaar dat jou medegelowiges die verantwoordelikheid het om* jou te help om *op die regte pad te bly***
  (en daarom *onderwerp jy jou aan die kerk se wedersydse toesig en tug*.

Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Evander staan onbeskaamd by ***die Bybel*** as die ***heilige en onfeilbare Woord van God*** (soos ook gestel in Kerkorde Art.1). Art.1 beaam ook dat lidmate van die *NGK Evander glo* dat die *Gereformeerde leer* – soos saamgevat in die drie algemene belydenisskrifte en die drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis (Confessio Belgica), die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls – *ooreenkom met die Woord van God*.

Beswaarskrifte van hierdie gemeente (en vele andere) wat op wettige wyse voorgelê is aan die meerdere vergaderinge, is dikwels nie werklik gehoor nie (ook nie by AS2023 nie). Dit blyk dat die Algemene Sinode, die Hoëveld Sinode en die Ring van Evander *nie meer* die verklaarde *Gereformeerde leer volledig onderskryf* nie, terwyl dié leer *ooreenkom met* die *Woord van God* as die enigste *waarheid* ~ wat *hierdie gemeente* met volle geloofsoortuiging *verkondig*, *verdedig* en *uitleef*. Verder bestry hierdie gemeente steeds aan die hand van Skrifgetroue lering alle dwalinge wat met hierdie leer in stryd is.

Meerdere vergaderinge van die kerkverband hou hulle nie meer met integriteit aan die kerklike orde nie :
òf deur dit partydig vir liberale standpunte te interpreteer,
òf deur die behoudendes se besware nie korrek, eerlik en met respek tot *redding van mense* en die *heil van die Here se kerk* en *tot God se eer* volgens die Kerkorde regverdig en onpartydig te hanteer nie.

Die meerdere vergaderinge ken *aan hulleself meer gesag toe* as aan *die Skrif* en geloofs*beginsels* wat reeds vir eeue deur die *gereformeerde geloof* gehandhaaf word. Dit wil daarop dui dat die meerdere vergaderinge hulself bo die sinodaal-presbiteriale kerkregeringstelsel sien en sodoende 'n magsorgaan geword het wat nie die Nederduitse Gereformeerde kerk se gemeentes dien nie, maar beheer uitoefen oor gemeentes deur nie-Skriftuurlike besluite met sienings van onder meer sekulêre drukgroepe.

'n Krisis is die AS wat *nié teen die uitspraak van die 2019-hofsaak geappèlleer het nie*. Die ***reg*** *om onder die grondwet se 'godsdiensvryheid' beskerm te bly* én *'n Bybelse siening te handhaaf, is* volgens sommige *in wese* nou deur die AS se *nié*-appèllering VERBEUR!?! Die NGK se *'ruim huis'* is 'n soort *ongrondwetlike onmoontlikheid* in die praktyk! NG *Gemeentes 'kan nie meer wéier om bv. selfdegeslagverhoudinge te erken of dit op Skrifgronde teen te staan nie'*!? Verder – as ons bv. 'n *selfdegeslag*-leraar se aansoek by die gemeente *op* ***Skrif****gronde sou weier*, kan / gaan ons moontlik voor die hof gedaag word!? . . . al glo ons dat die Bybel die hoogste gesag is, want die AS ~ as die **NGK** se *'gesagsliggaam'*, het die hof se uitspraak ***sonder appèl*** *aanvaar*.

Die kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Evander het die opdrag om oor die Here se gemeente toesig te hou soos hierbo beskryf. Gegewe die meerdere vergaderinge se huidige rigting, sien die kerkraad nie 'n ander uitweg nie. Die besluit tot opskorting van die kerkverband volg op –

* beswaarskrifte en skrywes – in wese onbeantwoord ('n skrywe aan die Algemene Sinode op 19 Maart 2024 is begroet met 'n ontvangserkenning op 25 Maart 2024. Die kerkkantoor het op 13 Mei 2024 'n herinnering gestuur, maar die ruim tydsbestek van twee maande tot die keerdatum op 15 Mei 2024 is negeer.)
* 'n lang proses (reeds van 2019/20, maar veral Maart–Julie 2024), waar volledige inligting deurgegee is aan alle lidmate (insluitend *on*aktiewe -), met die ernstige versoek vir voorbidding en beswaar. Geen.

DAAROM besluit die Kerkraad as wettige besluitnemingsliggaam van hierdie gemeente :–

1. Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Evander *doleer* nie meer nie, omrede die doel van ons *treur* of *dolering* ~ naamlik *om die kerkverband* na *die Woord alleen (sola scriptura) terug te roep*, na jare nié bekering en berou by die meerdere vergaderinge bewerk het nie. *Dít* terwyl 'n '*ruim-huis*'-benadering (of soortgelyke beskrywings) met 'n toenemend liberale teologie voorgestaan word en die pleidooie vir 'n meer behoudende *gereformeerde teologie* in wese afgewys is.
2. Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Evander as 'n *regspersoon* in eie reg en *volledig kerk*, *skort* die *verband* met *die Ring van Evander*, *Hoëveld Sinode* en die *Algemene Sinode* van *die Nederduitse Gereformeerde Kerk* op, omdat ons dit *voor God in die lig van sy Woord kan regverdig*. Dit duur totdat die nie-Skriftuurlike besluite (2015|2019|2023) ten spyte van sekulêre druk, tot God se eer herroep word.
3. Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Evander behou haar identiteit as volledige gemeente soos uitgedruk in die Skrif en die belydenis en die opskorting is met behoud van alle regte, naam, voorregte, besittings, eiendom, finansies, werksaamhede, diensverhoudinge, ampsbevoegdheid en lidmaatskap van enige fondse en/of organisasies.
4. Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Evander sal die dienste van die leraar en ander amptenare behou en tersaaklike bates en belange beskerm, insluitend die nakoming van enige en alle kontraktuele verpligtinge. Die Kerkraad, of sy gevolmagtigde, sal die diensverhoudinge in die gemeente bestuur en gereformeerd beslis oor enige dissiplinêre sake.
5. Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Evander sal ná opskorting van die kerkverband nie onafhanklik voortbestaan nie, maar sal *gereformeerd* bly soek na gemeentes met wie daar op dieselfde Skrif-en belydenisgrondslag in verband gebly kan word. Gemeentes met dieselfde waardes sal dan ook genader word om enige sake groter as wat 'n gemeente kan hanteer, volgens Bybelse riglyne te bestuur, want ~ al is ons *volledig kerk*, is ons nooit *alleen* kerk nie.
6. Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Evander se opskorting van die kerkverband verander nie aan die lidmaatskap van die gemeente en die uitoefening van enige lidmaatskapregte nie. Dit sal egter enige lidmaat vrystaan om van gemeente te verander, indien so 'n lidmaat aan 'n gemeente wil behoort wat steeds in verband staan met *die Ring van Evander*, die *Hoëveld Sinode* en die *Algemene Sinode* van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Insgelyks verander die ampsposisie, ampsverpligtinge en ampsvoorregte in die gemeente op geen wyse nie.
7. Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Evander neem hierdie uiters gewigtige besluit slegs in volle afhanklikheid van die Here en sy Woord.

Goedgekeur by die kerkraadsvergadering op 29 Julie 2024.

....

Voorsitter ~ Leraar Skriba ~ Oudl. E Meyer

Kerkraad :

OUDERLINGE		DIAKENS	
G Hattingh	.....	M Wolmarans	.....
F Wolmarans	.....	S Knoetze	.....
D Stewart	.....	E Hattingh	.....
H Fourie	.....	J Bezuidenhout	.....
R Beukes	.....	B Booyse	.....
J Reyneke	.....	W O'Neill	.....